# Oomblik van impak

HENNIE COETZER

Ef 4:14-16 -14 sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring; 15maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus,16 uit wie die hele liggaam —

Ef 4:14-16 -16— goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate — die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.

# 1. Boodskap aan Sagaria

Boodskap

Lukas 1:11-13 - 11Toe verskyn daar aan hom 'n engel van die Here, wat aan die regterkant van die reukofferaltaar staan. 12En toe Sagaría hom sien, was hy ontsteld, en vrees het hom oorval.

13Maar die engel sê vir hom: Moenie vrees nie, Sagaría, want jou gebed is verhoor, en jou vrou Elisabet sal vir jou 'n seun baar, en jy moet hom Johannes noem.

# 1. Boodskap aan Sagaria

Reaksie

Lukas 1:18-20 – 18 Toe sê Sagaría vir die engel: Waaraan sal ek dit weet? Want ek is 'n ou man, en my vrou is op ver gevorderde leeftyd. 19En die engel antwoord en sê vir hom: Ek is Gabriël wat voor God staan, en ek is gestuur om met jou te spreek en jou hierdie goeie tyding te bring. 20En kyk, jy sal swyg en nie kan praat nie tot op die dag dat hierdie dinge gebeur, omdat jy my woorde wat op hulle tyd vervul sal word, nie geglo het nie.

# 2. Boodskap aan Maria

Boodskap

Lukas 1:28-31 - 28En die engel het by haar binnegekom en gesê: Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue.

29En toe sy hom sien, was sy baie ontsteld oor sy woord, en sy het daaroor nagedink wat hierdie groet tog kon beteken. 30En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. 31En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.

# 2. Boodskap aan Maria

Reaksie

Lukas 1:34-38 - 34Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie?

35En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word.

# 2. Boodskap aan Maria

Reaksie

Lukas 1:34-38 - 36En kyk, Elisabet, jou bloedverwant, het self ook 'n seun ontvang in haar ouderdom, en hierdie maand is die sesde vir haar wat onvrugbaar genoem is.

37Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie.

38En Maria sê: Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord. En die engel het van haar weggegaan.

# 3. Die Reaksies

Sagaria – Waaraan sal ek dit weet?

Maria - Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie?

# 4. Restorasie

Lukas 1:57-64 - 57EN die tyd dat sy moeder moes word, is vir Elisabet vervul, en sy het 'n seun gebaar. 58En toe haar bure en bloedverwante hoor dat die Here sy barmhartigheid aan haar groot gemaak het, was hulle saam met haar bly.

59En op die agtste dag het hulle gekom om die kindjie te besny, en hulle wou hom Sagaría noem, na die naam van sy vader. 60Toe antwoord sy moeder en sê: Nee, maar hy moet Johannes genoem word.

# 4. Restorasie

Lukas 1:57-64 - 61En hulle sê vir haar: Daar is niemand in jou familie wat dié naam het nie.

62En hulle beduie vir sy vader hoe hy wou hê dat hy genoem moes word.

63Hy vra toe 'n skryfbordjie en skryf: Johannes is sy naam. En almal was verwonderd.

64 En onmiddellik is sy mond geopen en het sy tong losgeraak, en hy het gepraat en God geloof.

# 5. Profesie

Lukas 1:74-75 – 74 dat ons, verlos uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees kan dien,

75 in heiligheid en geregtigheid voor Hom, al die dae van ons lewe.